

Tema: God het jou geroep en jou geloof gegee. Het jy soos Abram getrek?

Vooraf sang

Ps 110-3: 1, 3 (Mel ps 128)

Ontmoetingsdiens

Intreelied Sb 7-2: 1, 2

Votum

Seën:

Lofsang Ps 47-1: 1, 2, 4

Geloofsbelydenis - Sing Sb 12-2: vers 1, (lees verse 2 - 4voor - moenie vertoon op bord),
sing vers 5

Verootmoedigingsdiens

Wet uit Efesiërs 4: 25 - 5: 5

Sing Lied 530: 1, 2, 3

Gebed

Woorddiens

Skriflesing; Genesis 11: 27 - 12: 9

Teks: Genesis 12: 1 – 4

Sing Ps 19-3: 3, 4;

Woordverkondiging

Antwoorddiens

Sing direk na preek: Ps 45-1: 9, 10;

Liefdegawes

Gebed vir BnB: TOPIA

Sing Ps 105-2: 1, 2, 3

Seen

Amenlied Sb 13-3.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Die stad en omgewing van Ur waar Abram gebore is en groot geword het, was 'n fantastiese plek om te wees. Ur was in die tyd van Abraham 'n wêreldstad met 'n bloeiende ekonomie en mense het daarheen gestroom om te deel aan die welvaart en nuutste ontwikkelinge. (Wys skyfie 1) Die naam Ur beteken in Akkadies "met pik gepleister" want hier het hulle ontdek dat jy gebakte stene met pik kan bou en so baie sterk strukture kan bou. (Wys skyfie 2 en 3 en 4) Die hele landstreek was vol water met die Tigris en die Eufraatrivier op wie se walle Ur gebou was. Dit is onseker of Ur in die tyd van Abram aan die Persiese see gelê het want dit was eens op 'n tyd teen die Persiese see.

Maar Ur was ook 'n plek vol ongeloof en afgodery. In Hebreeus beteken die naam Ur "lig of skynsel". (Wys skyfie 5.) Die naam kom waarskynlik van die feit dat die maangod Nanna of Sin soos hy ook in die Bybel genoem word, hier aanbid is. Hierdie afbeelding van die afgod is in Ur opgegrawe.

Ook ander afgode is daar gedien soos die afgod Enki (Wys skyfie 6) wat waarskynlik verbind was aan die twee riviere wat die gebied van water voorsien het.

Geliefdes, ons lees in Josua 24: 2 dat Tera, Abram se pa en sy familie hierdie afgode aanbid het. Abram was dus totaal ongelowig en het die Here nie meer geken nie, alhoewel hy afstam uit die gelowige stam van Set, die derde kind van Adam en Eva. Hulle het hier gewoon (wys skyfie 7) in die vandag se Irak en dit was die plek om te wees! Ook vir die kinders was dit 'n lekker plek. Die bordspeletjie wat op die skyfie vertoon word, is in Ur opgegrawe waarmee die kinders daardie tyd gespeel het. In vandag se terme sou mens kon sê Ur was soos Kaapstad, Houghton of Sandton – die plek van geld, voorspoed en plesier waar almal wil wees!

Alhoewel Abram-hulle veeboere was, moes hulle hier gekom het om handel te dryf.

En nou roep die Here vir Abram en sê: Gaan weg uit die paradys van 'n plek na 'n land toe wat ek jou sou wys. Dis so goed om te sê trek weg uit Kaapstad en gaan bly in die woestyn.

En geliefdes, die wonder is: Abram is gehoorsaam aan die Here en hy doen wat die Here hom beveel! Hoe presies die Here aan Abraham verskyn het, weet ons nie! Wat die Here alles vir Hom gesê het, weet ons ook nie! Maar wat ons weet, is dat Abram in die Here geglo het en dat hy getrek het. Eers van Ur na Haran en na sy pa se dood verder na Kanaän (Wys skyfie 8).

Want sien, br. en sr., in die eerste plek moet ons weet: wanneer die Here jou roep gee Hy ook aan jou geloof!

Ware geloof word deur die Heilige Gees in jou hart gewerk en jy word gehoorsaam aan die Here. Letterlik staan daar in vers 1: "**Gaan uit** jou land en uit jou familie en uit die huis van jou vader...". Met hierdie woordjie "gaan" maak die Here 'n nuwe begin soos by die

skepping! Ons lees dat God alles geskep het deur bv. te sê “Laat daar lig wees”. Dit was ’n skeppingswoord. Net so is hierdie “gaan uit” ’n skeppingswoord van geloof in Abram. Op grond van daardie geloof wat God gee, reageer die mens met gehoorsaamheid.

Net so, geliefdes, het God aan ons geloof gegee, het Hy geloof in ons gevoel en verstand geskep! Dit is die wonder waaroor ons vandag ook verstom kan staan!

Maar, br. en sr., ware geloof verander jou lewe! Daarom roep die Here Abram op drievoudige manier weg van alles wat aan hom bekend was. Die Here sê vir hom: gaan weg uit jou land, jou mense en jou pa se huis! Geloof beteken dat ek die dinge wat ek eers as belangrik en as my sekuriteit beskou het, moet prysgee! Dit moet nie meer vir my die belangrikste wees nie.

Die Here Jesus het ook gesê: hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind. Jesus het verder gesê: As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie, tensy hy afstand doen van sy vader en moeder en vrou en kinders en broer en suster nie, ja selfs van sy eie lewe.”

Br. en srs., waarom is daar by ons so traagheid om die Here te dien? Waarom is daar by ons so min passie oor God, so min passie ons geloof en ons roeping as gelowiges? Waarom is daar by ons nie ’n onblusbare dryf om ander ook na God toe te lei nie? Want, geliefdes, Baie van ons het nog nie soos Abram getrek nie! Ons hou nog vas aan wat ons as sekuriteit beskou! My geld, my werk, my familie en my naam – dit waarvoor ek staan – word my sekuriteit. Wat geloof betref word die kerk my sekuriteit!

Ons sonde hou ons ook vas aan “Ur”. Die afgode van geld, tyd en eie voordeel wat keer dat ons aan die roepstem van die Here gehoorsaam is.

Geliefdes, dit is vir ons baie moeilik om te glo dat dit in die woestyn beter sal wees as in Houghton of Kaapstad. Dit lyk net nie logies nie.

Die tweede rede waarom ons nog nie getrek het nie, is omdat ons nog nie geleer het om waarlik op God se beloftes te vertrou nie! Solank ons nog in beheer is en ons nog ons eie planne kan maak – dan het ons God nie regtig nodig nie!

Het jy in die tweede plek gesien watter rol speel die Here se beloftes aan Abram in die feit dat Abram getrek het? Die Here maak aan Abram beloftes oor ’n land wat hy en sy nageslag gaan erf. Die Here belof vir hom en Sara as kinderlose paartjie ’n groot nageslag. Die Here belof vir Abram persoonlike seën en beskerming. Die Here belof hom dat Hy hom gaan gebruik om groot dinge tot stand te bring.

En dan lees ons: Abram het die Here geglo! Hy het sy vertroude volkome op die Here gestel vir die dinge wat hy nog nie eers gesien het nie! Want Abram het geweet dat geloof behels dat ek al die dinge wat die Here belof kan sien asof Hy dit al klaar gegee het?

Vertrou ek en jy so op die Here? Dat ons – al is ons in die woestyn – om te glo en te vertrou dat die Here alles sal gee wat ons nodig het? Geliefdes, al God se beloftes aan Abram is in Christus vervul! Dit het alles heengewys na Christus wat sou kom om die koninkryk van God te kom vestig, om as Koning oor daardie ryk te regeer en te sorg vir al God se kinders. Te sorg vir geestelike redding en liggaamlike redding! Abram het Jesus nie gesien nie en tog geglo!

Ons het Jesus gesien! Ons het Hom aan die kruis sien hang! Ons het gesien hoe Hy op die Sondag weer opstaan om die prys vir ons sonde finaal te betaal. Ons het Hom gesien toe Hy opgevaar het na die Hemel en ons sien Hom vandag sit aan die regterhand van God waar Hy op die troon van die wêreld regeer en vir ons belowe om vir ons alles te gee wat ons nodig het!

Waarom wil ons dan nie op Hom vertrou nie.....? Waarom word ek paniekerig as dinge in my lewe verkeerd loop? Waarom word paniekerig nou dat ons gemeente in finansiële nood is, asof die Here nie deur ons die gemeente kan onderhou nie? Is ons kommer nie daaraan toe te skryf dat ons eintlik instinktief weet dat ons planne om ons gemeente finansiël te onderhou nie gaan slaag nie – want ons vertrou en glo nie regtig dat God mense se harte en beursies kan oopmaak om te voorsien wat die gemeente nodig het vir ons woordbediening hier en die uitdra van die evangelie nie!

Geliefdes, as ons dit waarlik geglo het en op God daarvoor vertrou, hoekom bid ons dan so min? Het die Here nie gesê ons moet bid en vra vir alles wat ons nodig het nie. Brs. ouderlinge, tydens ons vergadering oor hierdie saak, het niemand van ons die vergadering tot orde geroep en gesê ons moet ernstig bid oor hierdie nood van die Here se gemeente nie! Ons het maar net menslike planne begin maak..

Ons gemeente het geweldige tekort aan mense wat in die besondere dienste kan dien? Bid ons elke ere diens daarvoor? Bid ons in ons huise daarvoor? Hoekom is ons dan kwaad as lidmate nie positief reageer op die roeping tot diens nie?

Ons is bekommerd oor ons die algemene geestelike welstand van ons gemeente! Ons is bekommerd oor ons jeugbediening? Hoekom bid ons dan nie daarvoor nie! Want, brs. en srs., ons het nog nie getrek nie. Ons vertrou nie regtig op God se beloftes nie.

God se beloftes van versorging staan vas in Christus – ek moet op Hom vertrou! Is dat ons nog nie getrek het van ons land, ons familie, die huis van ons eie sekuriteit nie?

Br. en sr., ek en jy moet leer om ons lewe in die hand van Christus te gee en Hom te vertrou vir alles wat ons nodig het! Ons moet trek! Weg van ons eie lewe na die lewe wat God vir ons in Christus wil gee!

Wat is in die derde plek die lewe wat God vir ons in Christus gee?

Dit is 'n lewe van diensbaarheid aan God. Dat ek nie baas van my eie lewe nie is nie, maar God. Dat sy woord my lewe rig en nie al my eie wyskede en eie begeertes nie en verskonings nie!

Die Here het gepraat en Abram het getrek! Br. en sr., die Here het dieselfde wondergeloof aan my en jou gegee – ons moet trek!!!!

Die lewe in Christus is 'n lewe waar ek God bo alles lief het en sy wil vir my lewe soek en doen! Dit is 'n lewe waar ek my naaste liefhet soos my self aan diensbaar is aan hulle behoeftes!

Dit is 'n lewe waar ons tot seën van ander mens is. Dat God – soos Hy deur Abraham 'n nuwe begin gemaak het en sy verlossingsplan voortgesit het – hierdie selfde verlossingsplan deur my en jou voortsit! Dat ons besef ons lewe as gelowiges is in die eerste plek om God se verlossingsplan voort te sit. Dat dit deel van ons kerklike lewe is om te sorg dat die Woord aan alle mense verkondig word en dat ek en jy self daardie woord moet uitleef en uitdra!

Geliefdes, wat is dus die boodskap vanmore?
God het ons geroep en vir ons geloof gegee. Het ons soos Abram getrek?

Wanneer ons dan kyk na die vrug van die ware geloof in ons lewe. Die vrug van vertrou in God en sy beloftes, die vrug van oorgawe aan Jesus as my Verlosser en Koning en die oorgawe tot diens aan God en my naaste, dan lyk dit asof baie van ons nog nie getrek het nie.

Kom, brs. en srs. en kinders, die Here roep ons vanmore weer op grond van sy beloftes in Christus. Daardie beloftes het ons gesien – kom ons vertrou dan die Here en trek! Die rykdom en weelde van Ur is alles klatergoud – die Satan maak ons glo dat ons nie daarsonder kan klaarkom nie! Kom ons trek! Want dit is vir ons beter in die woestyn saam met God – as in Houghton sonder God.

Glo jy dit?

Amen